# Die ondraaglike groenheid van teorie[1]

Hein Viljoen
Dept. Algemene Taal- en Literatuurwetenskap & Europese Tale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*This article is a demonstration of the unbearable greenness of theory. The first part explores the meaning of* ***green*** *(in Afrikaans) as a demonstration of what* ***intertextuality*** *means. The second part outlines the resistance to theory. Against this resistance it is argued that theory is engaged* ***(inter alia)*** *in reading and interpreting difficult texts and contributing to solving the universal problem of interpretation. As an example the controversial singing of "Die Stem" at a rugby test is analyzed. The third part argues for the fecundity of theory by outlining the value of narrative theory for other disciplines and by a literary analysis of the science policy and the motto of the PU for CHE and a love poem by B. Breytenbach. A short programmatic view of the future of literary theory at the PU for CHE concludes the article.*

## 1. Ter inleiding: 'n variasie op groen

Die titel van hierdie artikel is bedoel om die leser te laat wonder en aan die dink te sit. Wat op aarde sou dit beteken? Miskien moet ek dit, na die opwinding en teleurstelling van die Springbokke se vertoning by die Olimpiese Spele en teen die toerspanne in 1992, wysig na "Die ondraaglike groen en goud van teorie". Veral nog as 'n mens onthou dat groen, saam met geel en swart, dalk binnekort deel van Suid-Afrika se landsvlag sal uitmaak.

'n Mens kan heelwat moontlike betekenisse oorweeg. Jannie du Toit sing deesdae van "varkblom-appelgroen". Een van my eie gunstelinge is 'n refrein van 'n hele paar jaar gelede: "God didn't make them little green apples and it don't rain in Indianapolis in the summer time". Maar om dit reg verstaan, moet ek die vorige reël van hierdie liedjie van Tom Jones ook aanhaal: "If that's not loving you ... Then all I got to say ..."

---

1 Effens gewysigde versie van 'n intreerede as professor in Algemene Literatuurwetenskap aan die PU vir CHO, gelewer op 28 Augustus 1992.

Groen ken almal, en dalk nog beter na die verskriklike droogte verlede jaar: dit is wat ontbreek in die landskap om ons, dit waarna ons verlang. "Groen is die land van Natal" (mits dit genoeg reën). Die leser sal maklik sy eie voorbeelde kan byvoeg. Maar dit is duidelik: *groen* beteken vir elkeen van ons iets unieks omdat ons persoonlike ervarings daarmee assosieer. Soos die herinnering aan daardie aand toe sy die groen rok aangehad het ...

Dit is egter nie net persoonlike ervaring wat bepaal wat *groen* beteken nie. Betekenisse daarvan word aangeleer; dit het 'n waarde in die volksmond. Ons sê: Iemand is groen van afguns. Maar ons praat ook van *groen* in die sin van nie ryp nie, onervare. Iemand is 'n groentjie totdat hy ontgroen is. Hy moet eers 'n inlywingsproses deurgaan. Deesdae beteken groen ook: radikaal (die party van die groenes).

Die letterkunde is 'n belangrike terrein waarop die betekenis van woorde gevorm en gewysig word. 'n Klein verkenninkie van die woord *groen* in die Afrikaanse poësie kan dit al aantoon:

> groen is die kleur van balans groen verduur
> alle kleur groen word aanhoudend
> gebreek om te absorbeer as verder of nader
> swart is net 'n skakering 'n diepste groen
> in transparante waterverf is wit verbode. Dimensie
> kom deur weglating ...

Aan die woord is lady Anne Barnard tydens 'n besoek aan Genadendal soos Antjie Krog (1989:57) haar vertolk ("Drie Morawiese broeders...", – *Lady Anne*). En hier probeer sy juis rus en balans vind tussen die eise van Afrika en haar "oorvrete siel", haar bevoorregte Europese afkoms, tussen die brute landskap en haar pogings om dit in te skaal op haar doek. Die balans word nooit bereik nie, want die son kom die groen wegbrand.

Uit 'n herfs in Amsterdam skryf Marlene van Niekerk (1983:17): "my lyf is 'n ou en mosgroen grag/ vol drome" ("brief"). Dié gedig kom uit Van Niekerk se bundel *Groenstaar*. Die spreker identifiseer haar hier met 'n soort oermoederlike water. Die titel beteken "skerp en groen kyk", maar dit is ook 'n oogsiekte (gloukoom) waarvan een van die kenmerke is dat dit die gesigsveld inkort. Hierdie groen, geassosieer met Europa, word weerspreek deur Breyten Breytenbach (1969:10), reisend per vliegtuig oor Afrika:

Onder is dit warm – ek weet
wat ons as silwermeel van sterre en romantisme sien
lê as hete grys diere en hyg in bome stof:
hier het boom en gras mos nie groen nie

Groen is van Europa is versorging en douceur ...
("Toe Suiderkruis toe" – *Kouevuur*)

Ekstaties eindig Van Wyk Louw sy reeks Klipwerk (uit *Nuwe Verse*) op 'n groen noot:

jangroentjie brand die middag
hy maak die kafhok groen
wêreld wêreld wêreld wyd
die kind sy wou dit doen

Die jangroentjie word hier 'n soort groen son, gee kleur aan die wêreld.

Dit is die maand Oktober,
die mooiste, mooiste maand!
Dan is die dag so helder
so groen is elke aand,

jubel Leipoldt (1980) in "Oktobermaand". Totius, weer, verwonder hom in "Die godsbesluit" aan die wag-'n-bietjie wat "lowergroen en blink van blad" staan in die droë aarde tussen die soetdorings.

Daar is nog baie ander paadjies wat 'n mens kan loop agter groen aan, maar ek dink uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat daar agter elke woord 'n hele swetterjoel ander is wat stoei om gesê te word. Dit is mooi uitgedruk deur Mikhail Bakthin:

> Every word gives off the scent of a profession, a genre, a current, a party, a particular work, a particular man, a generation, an era, a day, and an hour. Every word smells of the context and contexts in which it has lived its intense social life; all words and all forms are inhabited by intentions (aangehaal in Todorov, 1984:56-7).

Woorde sleep dus as 't ware hulle kontekste met hulle saam. Agter elke teks is daar 'n oneindige aantal ander (kon)tekste wat meepraat of juis onderdruk word. Elke teks voer 'n dialoog met 'n ondraaglike aantal ander tekste. Dit noem ons *intertekstualiteit*.

Een teks wat die leser seker dadelik in my titel herken het, is *The Unbearable Lightness of Being* van Milan Kundera. 'n Ander teks is meer versonke en moet eintlik liefs so bly: 'n aanhaling uit Goethe se *Faust* (1966) (vgl. Hernadi, 1990):

> Grau, teurer Freund, ist alle Theorie
> Und grün des Lebens goldner Baum. (r. 2038-9)
>
> Grou, liewe vriend, is alle teorie
> En groen die lewe se goue boom.
> (Eitemal-vertaling)

Dit is baie dubbelsinnige woorde, uitgespreek deur die duiwel Mephistopheles wat hom met Faust se toga en hoed vermom het as Faust. Mephistopheles maak die een vak na die ander belaglik vir 'n student wat voorligting oor sy studierigting kom vra, maar praat die student uiteindelik om om in die geneeskunde te gaan studeer omdat dit hom soveel kans sal gee om die lewe se goue boom te pluk, om die lewe te geniet. 'n Paar reëls verder stuur Mephistopheles die student weg, maar nie voordat hy die woorde van die slang in die paradys in die student se boek geskryf het nie: "Julle sal soos God wees deur goed en kwaad te ken" – 'n duidelike bewys dat 'n mens nie alles moet glo wat iemand in 'n toga kwytraak nie.

Dit is om by hierdie aanhaling te pas dat ek die term *literêre teorie* gaan gebruik en nie *literatuurwetenskap* nie. Ek doen dit ook om aan te sluit by die Amerikaanse gebruik om net van *theory* te praat, bedoelende dan literêre *teorie* in sy moderne gedaante.

Ek het reeds een ondraaglike aspek van die hedendaagse literêre teorie genoem, naamlik *intertekstualiteit*. In die res van die artikel wil ek nog drie ondraaglikhede beredeneer: die weerstand teen teorie, die vrugbaarheid van teorie, en die toekoms van teorie.

## 2. Die weerstand teen teorie

Literêre teorie word dikwels self onderdruk, misken. Daar is verskillende redes daarvoor. Sommige mense beskou dit as elitisties, esoteries en polities irrelevant. Sommiges meen dit is onwetenskaplikheid; ander die teenoorgestelde: dat dit oorwetenskaplik is. Ander beskou literêre teorie as onmoontlik.

Baie mense dink dat 'n mens tog nie 'n teorie nodig het om 'n teks te kan lees nie. Jy maak jou oë oop en lees dit gewoon. Jy wonder nie eers wat 'n teks is of wat jy nou eintlik doen wanneer jy lees nie. Dit is soos fietsry. Sodra jy begin wonder hoe jy dit doen, val jy af.

Seker daarom dat John Kannemeyer[2] beweer het dat net swakkelinge teorieë nodig het. So 'n stelling sê niks van die literêre teorie nie; dit verraai net dat jy blind is vir jou eie teoretiese veronderstellings. Niemand benader 'n teks egter sonder verwagtings en ervaring nie – dit wat Jauss (1967) noem die leser se verwagtingshorison en wat onder andere bestaan uit die leser se ervaring met die tekste wat hy al gelees het.

## 2.1 Literêre teorie is polities oneffektief

Die naïewe opvatting dat 'n mens teorieloos lees, is egter nie die belangrikste weerstand teen teorie nie. Die vraag wat dikwels gevra word, is: het ons literêre teorie nodig in 'n land wat groot maatskaplike probleme soos armoede, ongeletterheid, behuisingsnood en gebrekkige onderwys moet oplos? Dit is juis die politieke dilemma van die literêre teorie dat mense dit as vreemd en esoteries beskou, as 'n soort vioolspeel terwyl Boipatong brand. Dit staan, soos lady Anne, verskeur tussen Afrika en die Eerste Wêreld, tussen Parys en Parys, om 'n frase by André P. Brink te steel. Tog het die literêre teorie te doen met 'n baie basiese en noodsaaklike ding wat mense elke dag doen, naamlik om tekste te lees en te verstaan. En dan bedoel ek *teks* hier in 'n wye sin van die woord wat ook koerante, tydskrifte, advertensies, films en die tv insluit.

Die literêre teorie is vandag hiperbewus van sy eie tekortkominge en ideologiese medepligtighede. Dit kan maklik lei tot 'n verlammende skuldgevoel, omdat dit dan sogenaamd niks kan doen om die wêreld te verander nie. En die interteks hiervan is bekend: Karl Marx se tese oor Feuerbach dat die filosowe die wêreld probeer verstaan het, maar dat 'n mens eintlik die wêreld moet verander (Marx, 1984:286).

Natuurlik kan die literêre teorie nie so dramaties ingryp in die wêreld soos die fisika gedoen het met die ontwikkeling van die atoombom of die *microchip* nie. Maar soos die meeste menslike uitvindings is hulle ook maar tegelyk 'n seën en 'n vloek.

Dit is egter deur fyn en krities lees, deur studente toe te rus met die vermoë om tekste fyn en krities te lees en te skryf en deur kritiek op die vorming van betekenis en hoe dit bydra tot die verskansing van mag, dat die literêre teorie in die samelewing kan ingryp.

2 Tydens 'n gespreksessie as deel van die beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde by die Universiteit van die Witwatersrand in Julie 1984.

## 2.2 Literêre teorie is onwetenskaplik

Die literêre teorie word dikwels verwyt dat dit onwetenskaplik is omdat dit nie kan bepaal wat 'n teks beteken of wanneer 'n teks goed is nie. Wat die prentjie nog donkerder maak, is polemieke wat dikwels onder literatore uitbreek en waarin waardige geleerdes skandalig verskil oor iets wat vir die publiek miskien onbenullig lyk. Omtrent geen twee literatore kan deesdae saamstem oor iets nie, veral nie noudat daar so 'n welige groei van teorieë en benaderings in die literêre teorie is nie: feminisme, psigoanalise, kultuurkritiek, die sogenaamd nuwe historisme, dekonstruksie, strukturalisme, ideologiekritiek. Meningsverskil en botsing van paradigmas is egter nie tot die literêre teorie beperk nie; enige wetenskap ondergaan van tyd tot tyd paradigmawisselings, wat meestal met groot wroeging en lawaai gepaard gaan. Dink aan die groot rusies in die fisika voordat die kwantumfisika algemeen aanvaar is.

Hoewel literatuurwetenskaplikes nooit wit jasse dra nie, is die literêre teorie aan talle universiteite 'n erkende dissipline wat ondersteun word deur 'n ingewikkelde netwerk van kundiges, tydskrifte, kongresse en vakverenigings wêreldwyd. Die benoeming van 'n hoogleraar in literatuurwetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is glad nie 'n eerste nie, maar wel 'n erkenning van die wetenskaplike status van hierdie dissipline.

## 2.3 Literêre teorie as oorwetenskaplik

Soms word die literêre teorie die teenoorgestelde verwyt: dat dit oorwetenskaplik is. Of, wat min of meer op dieselfde neerkom, dat dit onleesbaar en vervelig is.

Leon Rousseau (1991) het vroeg in 1991 'n klip in die bos gegooi met sy beskuldiging dat Marianne de Jong se vaktaal koeterwaals is, dit wil sê "onverstaanbare taal, saamgestel uit verskillende tale, 'n duister en deurmekaar manier van praat" (HAT). Die literêre teorie sou dan te veel vreemde vakterme gebruik of onleesbaar wees. Dit probeer miskien oorwetenskaplik wees.

Die argwaan teen 'n vakwetenskaplike apparatuur deel die literêre teorie met literatuurstudie in die algemeen. Baie mense voel dat die professionele apparaat van departemente, geleerde studies, teorieë, proefskrifte en onderrig, tydskrifte en professionele verenigings in die pad staan van die leser se ervaring van die teks en die leser se spontane toegang tot die teks belemmer (Fish, 1989:200). Dit is mos nie nodig dat mense tyd en geld mors met die uitlê van stories en resitasies wat elkeen in elk geval verstaan nie?

Die probleem kom natuurlik by tekste wat nie so maklik verstaan word nie of wat agter 'n onskuldige front bedenklike vooroordele en magstrukture verberg. Baie tekste is vandag dubbelsinnig en duister. Wie was byvoorbeeld eintlik die moordenaar in *Basic Instinct*? Is dit 'n onoplosbare probleem? Bestaan daar eenvoudig verskillende interpretasies daarvan waaroor die feite nie uitsluitsel kan gee nie? Of bepaal elkeen se persoonlike siening wie hy as die moordenaar beskou?

Die welige groei van teorieë op die gebied van die literêre teorie het, toegegee, 'n ontploffing van vreemde begrippe veroorsaak. Ek noem 'n paar tongknopers: *dekonstruksie, heteroglossia, différance, signifier, metafoor, pargergon, ekstradiëgeties, ideologie, paradigmaties, fokalisasie*. Dit is nie bedoel om die leser af te skrik nie, maar 'n dissipline het nou eenmaal sy vaktaal nodig. Elkeen van hierdie begrippe het 'n presiese betekenis binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk. Ons leef in 'n goue teoretiese era, meen Tom Mitchell (1987), die invloedryke redakteur van *Critical Inquiry*. Hy meen ook dat die literêre teorie een terrein is waarop tans 'n beduidende bydrae tot die heil van die mensdom gemaak kan word.

## 2.4 Literêre teorie as inherent bedreigende dissipline – as sy eie onmoontlikheid

Met die ontwikkeling van die afgelope 20 jaar in die literêre teorie het die moontlikheid ontstaan dat die literatuurstudie nou 'n dissipline gaan word wat deur teorie aangedryf word: deur die vorming en toetsing van teorieë soos 'n 'behoorlike' sosiale wetenskap op die patroon van die sosiologie. Die literêre teorie sou dan nou uiteindelik teorieë begin vorm wat empiries toetsbaar sou wees. Hoe verder dié navorsing gevoer is, hoe duideliker het die teoretiese probleme en paradokse van die hele projek egter geword.

Om maar een sentrale probleem te noem (wat vir ons almal baie belangrik is): die probleem van interpretasie. Die vrae wat gevra word, is oorbekend: Kan 'n teks meer as een betekenis hê? Hoe interpreteer 'n mens 'n teks? Kan 'n mens tussen geldige en ongeldige interpretasies onderskei? Is interpretasie so subjektief dat dit liefs uit die wetenskap geweer moet word?

Laasgenoemde is 'n verkeerde vraag, want selfs 'modelwetenskappe' soos die fisika en die sosiologie word ook gekonfronteer met die interpretasieprobleem. As die wetenskaplike al haar gegewens versamel het, moet sy dit nog in haar teoretiese raamwerk inpas, en probeer aandui wat die gegewens beteken. Dit is niks anders as interpretasie nie.

In sy jongste boek, *Doing What Comes Naturally* (1989), argumenteer Stanley Fish dat 'n mens nie die betekenis van 'n teks kan bereken deur die betekenisse van verskillende woorde bymekaar te tel nie. Jy kan met ander woorde uit die

taalvorm van die teks nie uitmaak wat dit beteken nie. Dit kom prakties daarop neer dat daar nie so iets soos letterlike betekenis bestaan nie. Letterlike betekenis word tot stand gebring deur sterk dade van interpretasie. U ken die voorbeeld van Humpty Dumpty in *Alice in Wonderland* wat sê die woorde beteken wat hy wil hê hulle moet beteken. Nog 'n voorbeeld van so 'n sterk daad van interpretasie is Frits Kok van die ATKV wat "Nkosi sikelel' iAfrika" vertolk as 'n pragtige gebed om vrede.[3] Die betekenis van hierdie lied is egter beslis meer as die som van die betekenisse van sy woorde en Kok se poging om dit in te pas in die raam van 'n gebed en daarmee aanvaarbaar te maak, laat nie reg geskied aan die politieke en simboliese waarde daarvan nie.

U sal dadelik sê, maar dis onsin. Woorde het mos betekenisse – ek kan dit in woordeboeke naslaan. Ek verstaan dan wat ek lees. So maklik is dit egter nie. Wie se interpretasies kry ons in die woordeboeke?

### 2.5.1 'n Voorbeeld: Die sing van Die Stem

Dink aan die sing van Die Stem en die waai van die amptelike vlag by die toets teen die All Blacks in 1992. Weet ons wat dit werklik beteken? 'n Mens kan die blou van die landsvlag byvoorbeeld beskou as 'n weergawe van die blou lug van Suid-Afrika en die oranje as 'n skakel met ons geskiedenis. Daarom sou dit 'n geldige simbool van Suid-Afrika en al sy mense kon wees. Of jy kan dit beskou as 'n swak ontwerp omdat die blou en die oranje saam nie 'werk' nie. Die struktuur of betekenis van Die Stem en die vlag is vir die huidige debat egter irrelevant. Dit moet ons Fish gelyk gee.

Hoe weet ons dan wat die sing van Die Stem beteken? Dié gebeurtenis word in verskillende stories ingepas, en die storie bepaal wat die singery beteken. Dit hang dus af van die wyse waarop dit ingeraam/ gekontekstualiseer word. Let op in hoeveel verskillende stories, elk met sy eie karakters en gebeure, die sing van Die Stem ingepas word:

* Die Stem is 'n uitdrukking van die vryheidstrewe van 'n volk (die Afrikaner) wat nie onderdruk kan of mag word nie. Dit vorm deel van die storie van die vryheidstryd van die Afrikanervolk.

* Die sing van Die Stem is 'n ongevoelige en rassistiese daad. Die bedoeling van die skare was om die lyding van die slagoffers van geweld te misken. Hier is die singery ingeskryf in die storie van die stryd van die mense van Suid-Afrika om bevryding teen 'n onderdrukkende en immorele orde.

---

3 In 'n tv-debat met Carl Niehaus van die ANC, kort na die toets teen die All Blacks op 15 Augustus 1992.

* Dit is bedoel as 'n daad van verset teen die ondemokratiese optrede van die ANC. Hier het ons die storie van die outonomie van sport en die stryd teen politieke inmenging daarin.

* Dit was wettig en konstitusioneel volgens die SARVU-konstitusie (en kontrasteer met die onkonstitusionele optrede van die ANC). Dit is die storie van die sluit van kontrakte en die handhawing van 'n ordelike samelewing.

* Dit was 'n spontane en geregverdigde daad volgens die beginsel dat elke individu of groep die reg het om sy eie simbole te vertoon. Hier pas die sing van Die Stem in in die storie van die outonome individu wat haarself verwesenlik.

* Dit was 'n reaksie op die ANC se massaoptrede, 'n simptoom van die magspel tussen politieke groepe. Dan is dit die storie van spele om mag in die land; kortom, 'n politieke sepie.

* Die sing van Die Stem was doodgewoon 'n uitdrukking van die identiteit van 'n land/groep, van nasionale trots in 'n internasionale arena. Die Stem is met ander woorde 'n konvensionele simbool (sonder politieke ondertone) van die nasionale samehorigheid en identiteit van Suid-Afrika. Dit is die storie van diplomatieke verhoudings en kompetisie tussen lande.

In die hele debat het niemand 'n beroep gedoen op die woorde van Die Stem of die kleur van die vlag nie. Dit gaan louter oor hoe hierdie simbole verstaan word, hoe dit in verskillende stories ingepas word.

Watter interpretasie is nou korrek? Wat gaan die 'ware' betekenis wees? Gaan dit afhang van die interpretatiewe gemeenskap waarin ons ons bevind? Of sal die waarheid van 'n interpretasie bewys word deur sy politieke effek soos dat verdere rugbytoere afgelas word? Of is die interpretasie korrek as dit strook met ons oortuigings oor nasieskap, die Afrikaner se volkstrots, ons identiteit as Afrikaners? Die punt is dalk eerder dat ons ook moet begin insien hoe ons nasionale simbole gebruik om onsself mee te definieer as burgers met bepaalde eienskappe sodat ons bestuurbaar (selfs manipuleerbaar) kan wees vir politici en ander *powers that be*.

Literêr-teoreties is al hierdie interpretasies geldig. Die teoretiese punt is dat mense verskil. Mense het uiteenlopende oortuigings oor waarvoor 'n klomp stukke lap en die woorde van 'n lied nou eintlik staan.

Die tweede punt is dat mense op verskillende maniere interpreteer, maar ook groepe vorm wat met mekaar eens is. Party klou aan die letter van die wet. An-

der bly by die 'letterlike' betekenis van amptelike simbole. Ander ruk die masker af en probeer lees wat agter die simbole verskuil lê.

Die derde teoretiese punt is dat ons met mekaar kan praat oor interpretasies en mekaar kan probeer oortuig dat die sing van Die Stem nie bedoel was as 'n klap vir die slagoffers van geweld nie maar as 'n protes teen politieke inmenging en dat ons mekaar se gevoelens en oortuigings in ag moet neem – 'n baie amptelike standpunt, onderskryf deur sowel president De Klerk as biskop Tutu.

En die vierde punt is dat Die Stem deur verskillende mense met verskillende bedoelings gesing is en duidelik uitwys dat Die Stem (en die vlag) nie meer die funksie van nasionale simbole het nie: om saam te snoer en om identiteit te verleen.

En die laaste punt is dat my interpretasie van die gebeure ook maar 'n interpretasie is en dat ek nie daarop aanspraak kan maak dat dit absoluut geldig is nie; dit is hoogtens geldig binne my stel oortuigings, al word dit weliswaar deur die verhaalteorie gelegitimeer.

Let op dat ek beweer Die Stem is met verskillende bedoelings gesing. Fish (1989) meen egter dat 'n mens die bedoeling van 'n skrywer net deur 'n daad van interpretasie kan vasstel. En daar het ons een van daardie ondraaglike oomblikke: nou gaap die afgrond voor ons oop van duisende betekenisse gemaak volgens die willekeur van elke hoorder of leser. Kan die leser my nog ooit verstaan? Hoe kan sy weet dat ek haar nie mislei nie?

Fish (1989) se afleiding is dat ons altyd alreeds aan die interpreteer is en dat interpretasies op geen gronde wat nie reeds die resultaat van interpretasie is gebaseer kan word nie. Om 'n bedoeling aan iemand toe te skryf, is reeds 'n interpretasie. Die ondraaglikheid van hierdie subjektiwiteit besweer Fish egter met 'n beroep op oortuigings (en op 'n verborge beroep op effektiwiteit). 'n Mens kan immers nie jou oortuigings opskort nie; hulle slaan onvermydelik deur in jou interpretasies.

Hierdie siening is ook belangrik vir die geldigheid van wetenskaplike dissiplines, want 'n dissipline is nie op sigself geldig nie, maar word gelegitimeer met 'n beroep op die een of ander interpretasie, die een of ander verhaal: die vooruitgang van die wetenskap, die land se behoefte aan geskoolde mannekrag, die kapitaal wat dit vir sy beoefenaars kan oplewer. Vir hierdie soort politieke verhale moet 'n mens se oë baie groot oop wees, veral omdat hulle meestal kritiekloos deur die media versprei word, soos tans die geval is met die verhaal van die land se behoefte aan geskoolde mannekrag en hoë tegnologie.

## 3. Wat literêre teorie is

Hoe kan literêre teorie omskryf word?

*Teorie* is, nes groen, 'n veelduidige begrip. Enersyds staan dit min of meer gelyk aan 'verdigsels', 'vreemde inbeeldinge' soos in: 'Ag, jy met al jou teorieë'.

Tweedens word met *teorie* 'n studieveld of dissipline bedoel met sy eie konsepte, metodes, probleme en tradisie. Dit is wat ek bedoel as ek van literêre teorie praat.

Derdens dui die begrip *teorie* op spesifieke opvattings binne 'n studieveld, soos Wolfgang Iser (1980) se teorie van die implisiete leser.

Vierdens word teorie beskou as 'n stel samehangende reëls en konsepte wat 'n bepaalde studiegebied in die breë kan verklaar.

*Literêre teorie* kan omskryf word as 'n samehangende stel teoretiese aannames en reëls vir die studie van literêre en ander tekste. Hierdie teorie word gewoonlik gestuur deur 'n literatuuropvatting, dit wil sê aannames oor die aard van die literatuur en taal, en ook deur wyer filosofiese aannames oor hoe die mens en die werklikheid beskou moet word.

In die afgelope 20 jaar het daar 'n verskuiwing plaasgevind sodat die literêre teorie nou die beginsels en voorwaardes van interpretasie self bestudeer, meestal met die doel om verborge (ideologiese) aannames in interpretasies te ontmasker. Die studieterrein van die literatuurwetenskap is dus nie meer dit wat literatuur van ander soorte tekste onderskei (die sg. *literariteit*) nie, maar die moontlikhede en voorwaardes vir die verstaan van tekste self. Dit hou in dat etiese en ideologiese kwessies nou 'n baie groot rol daarin speel. Die dissipline is besig om hom op homself terug te buig en skerp te besin oor sy metodes, uitgangspunte en oogmerke. Dat sommige mense, soos Terry Eagleton (1990), dit as 'n simptoom van 'n noodsaaklike siekte beskou wat met heelwat ironiese afstand betrag moet word, onderstreep die ondraaglikheid daarvan.

## 4. Die vrugbaarheid van literêre teorie

Die weerstand teen literêre teorie, die gevare daarvan, die verwyte daarteen, is die sterkste argument vir die relevansie van literêre teorie. Dit dui dus reeds die vrugbaarheid daarvan aan.

## 4.1 Vrugbaarheid vir die gewone lewe en vir ander wetenskappe

Ek het hopelik met die analise van die sing van Die Stem reeds aangetoon dat die literêre teorie vir almal van belang is, omdat dit handel oor 'n grondliggende menslike aktiwiteit: die lees en verstaan van tekste. Teorie is selfs in staat om polities in te gryp, juis deur 'n kritiek op magstrukture en onderliggende ideologiese aannames.

Wat beteken dit prakties? Dit kan ek waarskynlik met 'n voorbeeldlesing die beste aantoon omdat dit die literêre teorie prakties aan die werk sal toon. Eers waag ek my aan 'n kort analise van die beeld van die Potchefstroomse Universiteit. Daarna bespreek ek 'n kort gedig van Breyten Breytenbach.

Die vraag is natuurlik: vir wie en op watter gronde is die literêre teorie relevant? Is dit vir die politiek, vir die ekonomie? As 'n basiese wetenskap glo ek natuurlik dat dit vir almal in die land belangrik is. Van ons grootste probleme handel oor hoe ons mekaar kan verstaan. Bowendien is die vermoë om moeilike tekste te lees, vandag noodsaaklik vir enige mens wat aanspraak wil maak op geletterdheid. Die rekenaaromgewing waarin ons ons deesdae bevind, stel hoë eise aan ons vermoë om te verstaan en ons kennis om te sit in woorde. Om dit in 'n metafoor uit te druk wat ek eintlik haat: die literêre teorie gee vir ons 'n tegnologie vir die verstaan van tekste.

In die lig hiervan is dit waansin om die humaniora af te skaal ter wille van kortermyndienstigheid aan die tegnologie. In Suid-Afrika het ons veral mense nodig wat sin kan maak van ingewikkelde tekste of van die talle botsende verhale waarmee ons samelewing homself probeer definieer. Tale en vertaling is 'n dringende behoefte in 'n meertalige land, maar *textual power*, die vermoë om ingewikkelde tekste met botsende verhale te verstaan, is veral noodsaaklik. (Vgl. onder andere Miller, 1989.)

'n Belangrike praktiese nut van die literêre teorie is dat dit baie wetenskappe kan help met die verstaan van hulle verhale. Die geskiedenis is die verhaal van die mensdom en dit kan dus baie insiggewend ontleed word deur die verhaalteorie, soos White (1978) byvoorbeeld gedoen het. Die historikus vertel vir ons 'n storie, of dit nou die storie van die val van die Westerse beskawing of die storie van die opkoms van Afrikanernasionalisme is. Die teologie worstel met die verhale van die Bybel, en teoloë het reeds kostelike werk gedoen deur insigte uit die verhaalteorie te gebruik vir hulle lesing van die Bybel. In die analise-situasie word die psigoloog gekonfronteer met die analisand se verhaal. Ook in hierdie situasie kan die verhaalteorie help om die analisand se verhaal beter te verstaan.

Min films illustreer die belang van stories so helder soos *Basic Instinct*. Hoe ons die film verstaan, hang daarvan af in watter storie ons dit inskryf: Is dit 'n speurverhaal? 'n Verhaal oor hoe sterk die nie-rasionele fasette van ons lewe ons beheers? Of is dit 'n storie oor die mag van stories wat suggereer dat ons tog uit daardie mag kan ontsnap, soos Rossouw (1992) dit sien in *Beeld*?

## 4.2 Literêre teorie en die Christelike karakter van die PU

'n Belangrike vraag wat ek hier moet probeer beantwoord, is: Wat is die verhouding tussen die literêre teorie en die Christelike historiese karakter van die PU? Natuurlik onderskryf ek die Christelike karakter van hierdie inrigting en beywer ek my vir die ideaal van wetenskapsbeoefening "In U lig".

Ongelukkig bly hierdie mooi ideale baie keer net lippetaal, omdat dit moeilik is om te bepaal wat dit nou presies beteken om wetenskap "In U lig" te beoefen. Beteken dit byvoorbeeld dat ons net sekere tekste mag lees en altyd Christelike motiewe daarin moet raaksien? Is koffie drink en brood eet in 'n verhaal altyd noodwendig 'n verwysing na die Nagmaal? Tog seker nie. Volgens oorlewering het selfs Freud sy studente op 'n keer gewaarsku: "Sometimes a good cigar is only a good cigar." Of beteken dit dat ons almal navolgers van Dooyeweerd en Stoker moet wees? Of dat alles wat ons beweer aan die Bybel en die belydenisskrifte getoets moet word? In die Personeelhandleiding (PU vir CHO, 1985) van die PU word wetenskap "In U lig" nader omskryf as Skrifgebonde of -gefundeerde wetenskap in die reformatoriese (Calvinistiese) tradisie. In die Wetenskapsbeleid van die PU word daar ook 'n aantal uitgangspunte aangedui vir die uitlewing van die beginsels van die Universiteit in die wetenskap, byvoorbeeld dat "die eenheid van die Skepping en die Skrif in Christus" eerbiedig moet word.

Literêr gesien is "In U lig" 'n metafoor: God is die Bron of die Son waarvandaan die lig moet afstraal tot op elke faset van die universiteit, nie net op die navorsing en onderrig nie, maar ook op die struktuur en bestuurstyl van die PU. Selfs die uniforms van die dienswerkers moet die goddelike lig vertoon of kan verdra. Ongelukkig is dit nie altyd die geval nie, omdat die ligmetafoor myns insiens 'n baie streng hiërargie kan suggereer tussen wesens nader aan die bron van lig (professore, blank en manlik, byvoorbeeld) en wesens verder van die lig af (swart dienswerkers). Die ligmetafoor werk dus 'n soort *chain of being* in die hand, 'n ketting van wesens met God heelbo, gevolg deur die engele en daarna die mense in hulle verskillende stande en klasse, vanaf presidente, maatskappyvoorsitters en partyleiers tot by klerke, skoonmakers en straatkinders. Hoewel hierdie hiërargie miskien nie direk diskriminerend van aard is nie, kan dit tog diskriminasie volgens ras en geslag versterk. Dit mag die PU medepligtig maak aan die handhawing van apartheidshoudings en maniere van dink; veral nog as 'n mens onthou dat apartheid wesenlik ook berus op so 'n wesensketting: die blankes (as meer-

derwaardige ras en volk van God) moet heers oor swartes (wat minder werd is – verder van die lig af is).

Die ligmetafoor is verder 'n klassieke begrondingsgebaar. Die hele Universiteit word begrond op 'n metafoor, maar die metafoor self word buite diskussie geplaas. Omdat dit berus op ons ontsag vir die Bybel, is dit nie maklik om oor hierdie begronding te praat nie, want dit kan twyfel wek oor jou korrektheid as dosent. Twee nadelige dinge vloei daaruit voort: verstarring en vervolging. Verstarring, omdat ons tevrede is om maar rustig voort te werk in die lig wat op ons afstraal: ons ou klein groepie wat die waarheid besit, sal maar ons eie ding doen. Ons wandel by die lig wat ons het en hoef ons nie aan die res van die wêreld te steur nie. Diegene wat dan die durf het om die oorgelewerde waarheid te bevraagteken, word vervolg en uitgedryf, soos onlangs gebeur het met sommige van ons briljantste dosente.

My pleidooi is dat ons meningsverskil eerder as produktief beskou en as middel gebruik om te bepaal wat "In U lig" werklik beteken in 'n postmoderne wêreld en vir die lees van postmoderne tekste. Dit beteken ook dat ons die ander metafore wat ons vir die PU gebruik, byvoorbeeld die PUK-gesin, krities sal lees.

Dit is seker ook betekenisvol dat die artikel in die private wet van die PU wat sy Christelike karakter handhaaf (artikel 31 van Wet 19 van 1950) onlangs gewysig is deur 'n subartikel by te voeg wat Afrikaans die voertaal van die universiteit maak (hoewel die Senaat uitsonderings hierop mag goedkeur). Hierdie artikel bepaal dus nou dat die PU Christelik-histories en Afrikaans sal wees. Dit laat die vraag ontstaan: In watter verhaal wil die PU homself ingeskryf sien? Die storie van Afrikaner-nasionalisme? Beslis seker nie die storie van die *struggle* nie? Die storie van skepping, sondeval en verlossing en die koms van die koninkryk van God soos sy Wetenskapsbeleid bepaal? Die storie van die opmars van wetenskap en die tegnologie? Dit is vrae waaroor daar baie min debat aan die PU plaasvind, maar wat tog geweldig belangrik is vir die toekoms van die universiteit en die land. Ek persoonlik sou verkies dat die PU meer aandag gee aan die storie van die stryd om 'n ware demokrasie.

'n Verdere vraag ontstaan: Het ek die reg om so 'n analise van die PU te maak? Wat gee my daardie reg? Dié vraag is gemik op die etiek van my lesing. Doen ek dit net ter wille van 'n sweempie *political correctness* of net om my lesers te probeer beïndruk? Hoe durf ek die gesag van die oorspronklike oprigters aantas?

Dit is nie wat ek probeer doen nie. Ek probeer om iets aan te toon van die grondslae waarop die PU self staan. Ek probeer ook nie die gesag van die Bybel aantas nie. Michael Edwards, wat baie doelbewus 'n Christelike literatuurstudie nastreef, wys vir ons byvoorbeeld dat die Bybel self baie maak van taal en vertel. God het die skepping met 'n magswoord uit die niks tot stand gebring. Die

Woord was van die begin af daar (Johannes 1:1). Jesus was self 'n meesterverteller en 'n fyn retor. Hy het immers, soos Edwards (1989) dit stel, sy kerk op 'n woordspeling gegrondves: "Jy is rots, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou" (Matteus 16: 18).

Maar die vraag wat by my opkom, is of die Christelike karakter van die PU nie tog soms gebruik word as 'n meganisme om sy personeel en studente soet en gedweë en onderhorig te hou nie.

## 4.3 Vrugbaarheid vir die literator/literatuurstudent: 'n analise van "rooiborsduif"

Natuurlik moet 'n dissipline wat hom daarop beroep dat hy moeilike tekste kan lees, dit in die praktyk bewys. Een van die belangrikste bydraes van die literêre teorie tot die lees van tekste is 'n teorie vir die analise van metafore. Wat 'n mens daarmee kan doen, wil ek demonstreer met 'n ontleding van 'n gedig van Breyten Breytenbach: *Lotus* 4.11 (Blom, 1970: 81):

4.11 Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif
want niemand sal 'n boodskap wat rooi is skiet nie.
Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug en ek
weet al die jagters sal dink dis die son.
Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder
en waar hy vlieg daar skitter oseane
en bome word groen
en hy kleur my boodskap so bruin oor jou vel

Want my liefde reis met jou mee,
my liefde moet soos engele by jou bly,
soos vlerke, wit soos 'n engel.
Jy moet van my liefde bly weet
soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie

Metafore kan oor die algemeen ontleed word as die wisselwerking tussen twee stelle samehangende gegewens, twee verwysingsrame. Ek sal hulle kortweg rame noem. Die een raam, die basis, word werklik in die teks gegee; dit is 'letterlik'. Die ander raam is die 'metaforiese' raam. Maar die 'letterlike' en die 'figuurlike' kan ook omruil. (Vgl. Viljoen, 1987 vir 'n beredenering hiervan.)

In hierdie gedig word 'n DUIF, die tradisionele simbool van onskuld en vrede, metafories tot groot dinge getransformeer. In die eerste twee verse kruis reeds twee rame: die raam van 'n BOODSKAP STUUR en die raam van JAGTERS

EN HULLE PROOI. Die duif word omgesit in 'n boodskap, dit wil sê woorde, teks, teken, 'n abstrakte lewelose ding, maar behou sy rooiheid en sy kwesbaarheid. Hier is die duif self die boodskap en nie, soos 'n posduif, die draer van 'n boodskap nie.

*Rooi* kry egter ook 'n ander waarde. 'n Rooi boodskap is aan die een kant 'n boodskap van passie, van hartstog (dinge waarmee rooi geassosieer word), maar aan die ander kant 'n boodskap van gevaar. Rooi vlae, ligte, sinjale maan ons tot versigtigheid. Hier is rooi ook 'n soort kamoeflering, want dit voorkom dat die boodskap geskiet word.

Eintlik gebeur hier iets baie eienaardigs, want 'n boodskap is iets abstraks, maar as dit rooi is, word dit weer sigbaar, konkreet. Dit word verder versterk deur die kwesbaarheid (al bly dit onmoontlik dat mens 'n (metaforiese) rooi boodskap kan skiet). Dit is een van die paradokse wat dikwels in Breytenbach se poësie voorkom. Konkreet word abstrak maar word onmiddellik weer abstrak gemaak. Hier kom ook die gedagte by dat die boodskap te make het met allerhande steurings, gevare, vyande wat dit wil vernietig. Dit is 'n kosbare boodskap en spesiale voorsorg moet getref word dat dit veilig kan aankom.

In vers 3 en 4 word 'n verdere metaforiese raam bygevoeg: rooiborsduif word SON, weer om te kamoefleer, om die vyande te mislei, maar dit het ook verdere implikasies. Die duif word liggewend, lewegewend, bron van lewe. Dit dui dus 'n besonder belangrike, miskien selfs goddelike boodskap aan. Dit word 'n verhewe boodskap (hoog in die lug), maar bly steeds nietig, kwesbaar; steeds duif, steeds prooi vir jagters. Hulle kan dit egter nie meer as prooi raaksien nie, want hulle dink dis die son.

In vers 5 tot 8 word die duif-raam en die son-raam sterker met mekaar verbind, al word die son nie een keer genoem nie. Die duif word son, kry al die eienskappe van die son. Duif word dus groots, kosmies, lewensnoodsaaklik, dit wat kleur en lewe aan die wêreld gee en selfs gesondheid aan die geliefde. Die duif, wat self boodskap is, verf as 't ware weer die boodskap oor die geliefde se vel. So word 'n gewone effek van die son (dat dit jou bruin brand) gemetaforiseer tot 'n liefdesboodskap. Want dit is tog eintlik die inhoud van die boodskap, nie waar nie: dat die spreker se liefde noodsaaklik, lewegewend, onontkombaar is soos die son. Die rooiborsduif word nie om dowe neute aan die geliefde gestuur nie. En daar word 'n verdere raam duidelik: die STUUR VAN 'N LIEFDESPAND AAN 'n GELIEFDE.

Dié pand is egter 'n vreemde, eksotiese geskenk. Hy belowe haar nie die aarde nie; hy stuur vir haar die son. Dit is nog 'n paradoks: die geliefde lewe in die lig van sy boodskap, sy liefde, van hierdie gedig self, want die boodskap is tog eintlik die gedig. Die gedig omskryf homself. Dit beskryf ook die mag van die poë-

sie, van metaforisering, want sedert Aristoteles se tyd al is die son die verborge ligbron of oorsprong in die metafoorteorie, dit wat die dinge en hulle name in hulle unieke wese laat verskyn (Derrida, 1975), nes dit hier die see laat skitter en die bome groen maak.

Die tweede strofe bevat die inhoud van die boodskap. Maar weer word 'n verdere raam ingevoer: die liefde word met 'n ENGEL vergelyk. Die liefde is 'n reisgenoot, 'n engelbewaarder. Deur die assosiasies met wit en vlerke, kry dit konnotasies van verhewenheid, reinheid, goddelikheid. *Wit* en *engele* het in *Lotus* egter ook 'n negatiewe waarde: dit dui op siekte, melaatsheid, walging. Uiteindelik word die vlerke 'n oorlas, 'n gebrek, iets waarvan jy onvermydelik bewus bly: "soos vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie". Sy liefde word dus uiteindelik ondraaglik.

Maar natuurlik: ons word, nes die jagters, mislei. Daar is nie 'n duif of 'n son of vlerke of wat ook al nie. Die hele gedig is een groot metafoor vir die spreker se liefde. Sy liefde is nie die son nie; hy noem dit maar so. Die gedig onthul ook maar dat liefdesgedigte uiteindelik hulle eie onmoontlikheid is (De Jong, 1986). Daar is eintlik geen grond vir sy liefde behalwe die mag van metafore nie.

Die volgende, moeiliker vraag is egter: waarop berus my lesing? Wat maak dit moontlik? Watter retoriese truuks moes ek uithaal om die leser van my siening te oortuig? In watter verhaal pas ek dit in? Ek het op 'n taamlik arbitrêre wyse verskillende rame in die gedig afgebaken. Ek het die teks geplaas in die storie van 'n minnaar wat 'n liefdespand aan sy beminde stuur. Die leser kan tereg ook vra waarom ek hierdie gedig gekies het – een wat glad niks van Breyten Breytenbach se politiek bevat nie en glad nie naby Suid-Afrika se groot probleme kom nie. Is dit nie 'n vermyding van wat belangrik is nie? Gelukkig hoef alles nie politiek te wees nie. Hierdie gedig illustreer egter die mag van taal en van metaforisering. As jy een woordjie deur 'n ander vervang (soos Breyten Breytenbach hier *son* deur *duif* vervang), kan dit groot gevolge hê; dalk selfs lei tot groot nuwe wetenskaplike teorieë. Of dit kan baie skade doen, soos die metafoor *apartheid* gedoen het. Die leser kan haarself seker indink watter lig die son-attribute van Breytenbach se duif-son laat val op "In U lig".

## 5. Die toekoms van teorie

Oor die toekoms van teorie, sal ek bondiger wees en my bepaal by 'n paar programmatiese uitsprake oor die toekoms van literêre teorie aan die PU vir CHO.

* *Eerstens* is opleiding in literêre teorie deel van die PU se taak om studente te skool tot verantwoordelike, denkende Christene en landsburgers. 'n Noodsaaklike deel van hierdie skoling is myns insiens die vermoë om moeilike tekste te lees en te deurgrond en om sin te maak van die diversiteit van tek-

ste en benaderings waarmee hulle vandag te doen kry. Dit, meer spesifiek, is die opleidingstaak vir literêre teorie aan die PU.

* *Tweedens* meen ek dit is uiters belangrik dat voornemende taalonderwysers kennis maak met die literêre teorie sodat hulle bewus is van wat hulle doen as hulle tale onderrig en sodat hulle teksvaardighede reeds vroeg by hulle leerlinge kan tuisbring.

* *Derdens* moet teoretiese benaderingswyses tot die literatuur voortdurend beoordeel en verfyn word sodat onderrig en navorsing in die literêre teorie self maar ook in die ander taaldepartemente daardeur gestuur en gestimuleer word.

* *Vierdens* moet aan die PU geherdefinieer word wat "In U lig" beteken vir die literatuurstudie in die tyd waarin ons leef – 'n tyd gekenmerk deur postmodernisme en postkolonialisme. Dit beteken prakties deelname aan die internasionale gesprek oor tekste en 'n poging om 'n eie bydrae daartoe te lewer.

* *Vyfdens* meen ek die literêre teorie moet 'n kanaal vorm waardeur kennis oorgedra word na die gemeenskap, maar waarin daar ook 'n wisselwerking kan plaasvind tussen plaaslike en Afrika-opvattings en die kuns en die denke in die groot metropole soos Londen, New York en Parys.

* *Sesdens* meen ek hierdie take kan net behoorlik verrig word deur 'n opposisionele instelling teenoor politieke en magstrukture (in die wye sin van die woord) in Suid-Afrika in te neem.

## 6. Slot

Daarmee het die leser hopelik 'n idee gekry van die ondraaglikhede waarmee die literêre teorie te kampe het. Daar bly natuurlik nog 'n laaste vraag oor, naamlik: Watter storie het ek vertel? Die onstuitbare opmars van die literêre teorie? Of eerder haar val? In watter storie gaan die leser dit inskryf? Wat beteken die groen van my titel vir haar? Dui dit op die vrugbaarheid van die literêre teorie of haar onrypheid? Dit moet sy maar self besluit.

## Literatuurlys

BLOM, J. (pseud.) (BREYTENBACH, B.) 1970. Lotus. Kaapstad : Buren.

BREYTENBACH, B. 1969. Kouevuur. Kaapstad : Buren.

DE JONG, M. 1986. Die liefdesgedig as sy eie onmoontlikheid. (*In* Senekal, J. *red.* Teks – leser – konteks. Johannesburg : Perskor. pp. 99-109.)

DERRIDA, J. 1975. White Mythology: Metaphor in the Text of Philosophy. *New Literary History*, 6(3): 5-74, Spring.

EDWARDS, M. 1989. The Project of a Christian Poetics. *Christianity and Literature*, 39(1): 63-76, Autumn.

EAGLETON, T. 1990. The Significance of Theory. Oxford : Basil Blackwell. The Bucknell Lectures in Literary Theory.

FISH, S. 1989. Doing What Comes Naturally. Durham and London : Duke University Press.

GOETHE, J.W. VON. 1966. Faust I. Vertaal deur Eitemal. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.

GOETHE, J.W. VON. Faust.
*kyk*
TRUNZ, 1966.

HERNADI, P. 1990. Literary Theory. (*In* Gibaldi, J. *ed.* Introduction to Scholarship in Modern Languages and Literatures. New York: Modern Language Association. 5th printing. pp. 98-115.)

ISER, W. 1980. The Implied Reader. Baltimore and London : Johns Hopkins University Press. 2nd printing.

JAUSS, H.R. 1967. Literatuurgeschiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenschap. (*In* Buursink, M. *et al. reds.* 1978. De wetenschap van het lezen. Assen/Amsterdam : Van Gorcum. pp. 1-28.)

KROG, A. 1989. Lady Anne. Emmarentia : Taurus.

KUNDERA, M. 1986. The Unbearable Lightness of Being. Translated by M.H. Heim. London Boston : Faber and Faber. 4th printing.

LEIPOLDT, C.L. 1980. Versamelde gedigte. Versorg deur J.C. Kannemeyer. Kaapstad : Tafelberg.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1963. Nuwe verse. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. 3e druk.

MARX, K. 1984. Theses on Feuerbach. (*In* Feuer, L.S. *ed.* Karl Marx & Friedrich Engels, Basic Writings on Politics and Philosophy. Fontana/Collins. pp. 283-286.)

MILLER, J. HILLIS. 1989. The Function of Literary Theory at the Present Time. (*In* Cohen, R. *ed.* 1989. The Future of Literary Theory. New York and London : Routledge. pp. 102-111.)

MITCHELL, W.J.T. 1987. The Golden Age of Criticism: Seven Theses and a Commentary. *London Review of Books*, 9(12): 16-8, June 25.

PU VIR CHO. 1985. Inligtingstuk vir Personeellede.

ROUSSEAU, L. 1991. 'n Haan se koeterwaals op RGN se mishoop. *Beeld:* 6, Jan. 5.

ROSSOUW, D. 1992. Prent sê daar is lewe ná verhale. Kalender (*Beeld*): 7, Aug. 28.

TODOROV, T. 1984. Mikhail Bakhtin: The Dialogical Principle Minneapolis : University of Minnesota Press. Theory and History of Literature, vol 13.

TRUNZ, E. Hrsg. 1966. Goethes Faust. Hamburg : Christian Wegner.

VAN NIEKERK, M. 1983. Groenstaar. Kaapstad en Pretoria : Human & Rousseau.

VILJOEN, H. 1987. Metafore en rame. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 3(2): 57-77, Julie.

WHITE, H.V. 1978. Tropics of Discourse. Baltimore : Johns Hopkins University Press.